

Jaarlikse Prestasieplan 2010/11 – 2012/13

Annual Performance Plan 2010/11 – 2012/13

IsiCwangciso seNtsebenzo soNyaka 2010/11 – 2012/13

Date of tabling: 1 March 2010



**WESTERN CAPE
Education Department**

Provincial Government of the Western Cape

Notas:

1. Navigasie en Interpretasie van hierdie Dokument

Die Jaarlikse Prestasieplan is 'n deelversameling van die vyf-jaar strategiese plan en die WKOD Strategiese Verklaring. Die dokument is volgens 'n templaar van nasionale tesourie uiteengesit. Daar is op nasionale vlak tussen Nasionale Tesourie en die Departement van Basiese Onderwys ooreengekom dat die nie-finansiële prestasie in 'n stel "onderwyssektor" template vasgelê word.

Befondsing vir onderwys word volgens 8 programme verdeel. Elke program word deur nasionale subprogramme bepaal wat aan die begin van elke program gelys word.

Nasionaal-bepaalde Statistiekabelle (ST) word volgens die toepaslike program genommer. Elke ST het 'n stel finansiële aanwysers, gevolg deur 'n reeks datalyne met "Doeltreffendheidstatistiek" bo-aan. Hierdie data gee gestalte aan nasionale beplanning, monitering en evaluering, en voorsien ook maatstawwe.

Spesifieke data word op 'n kwartaallikse basis gerapporteer.

Die belangrikste kostedrywers in onderwys, naamlik onderwysers, leerders en infrastruktuur en regstelling word voorsien. In elke program word die opvoeder- en nie-opvoedergetalle, asook inskrywingsgetalle gelys. In Deel A verskyn die statistiek vir die sektor as 'n geheel en dit word dan afgebreek vir elke ondergroep, d.w.s. Hoofkantoor (sluit distrikte in), alle skole, Primêr, Sekondêr, Onafhanklik, Spesiale Onderwys, VOO-kolleges, Volwassene-onderwys, Vroeëkindonderwys, en Hulpdienste.

'n Aantal Strategiese Doelwitte word in die Strategiese Plan uiteengesit. Dit word in die Jaarlikse Prestasieplan in die vorm van Programprestasie-aanwysers gereflekteer. Dit is provinsiale aanwysers.

2. Vertalings:

Vertalings van hierdie dokument is in Engels en Xhosa op die WKOD se webblad beskikbaar: <http://wced.pgwc.gov.za>

3. Bylae:

Afskrifte van "Bylae E" is beskikbaar by <http://wced.pgwc.gov.za> asook op Gate Gateway by <http://www.capegateway.gov.za/>

PR Nommer: 59/2010

ISBN Nommer: 978-0-621-39169-5

*Om addisionele afskrifte van hierdie dokument te bekom, kontak asseblief:
Hoof Onderwys, Privaatsak X9114,
Kaapstad, 8000.*

Tel: 021 467 2531

Faks: 021 461 3694

E-pos: media1@pgwc.gov.za

*Hierdie dokument is ook, op versoek,
in Engels en Xhosa beskikbaar*

Voorwoord



Donald Grant, Minister
van Onderwys, Wes-Kaap

Die Wes-Kaap Regering sal die lewensuitsigte van al sy kinders verbeter deur die voorsiening van gehalte-onderwys. Met dié doel sal alle kinders vir so lank as moontlik op skool bly en optimale resultate behaal. Die fokus vir die tydperk 2010 tot 2019 sal veral op die verbetering van leerders se lees-, skryf- en berekeningsvermoë wees. Die tydperk 2010-2014 sal die fundamente vir hierdie verbeterings lê. Gedurende die tydperk 2014-2019 sal die provinsie se kinders die vrugte pluk van 'n stelsel wat ontwerp en bestuur is om gestelde doelwitte te bereik.

Die hoofaanwysers om die vooruitgang te meet wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) gemaak het in die voorsiening van gehalte-onderwys sal dus wees i) verbetering van geletterdheid en gesyferdheid in Grade 1-6 en ii) verhoging in die getalle wat Graad 12 slaag – insluitend 'n verhoging in die getalle wat wiskunde en wetenskap slaag en vir toelating tot 'n B-graad kwalifiseer.

Ten einde leerderdeelname en -sukses te ondersteun, sal die Wes-Kaap Regering die volgende voorsien: beampptes wat omgee, die kennis het en georganiseer is om skole, onderwysers en leerders te ondersteun; onderwysers wat teenwoordig en voorbereid is, en handboeke gebruik; befondsing wat aangewend word om sukses te maksimaliseer; voldoende en veilige skole en 'n magtigingsomgewing vir vennote in onderwys om tot gehalte-onderwys by te dra: onderwyservakbonde, skoolbeheerliggame, privaatsektor, nie-regeringsinstansies, privaatskole, kolleges en Hoër Onderwysinrigtings.

Elke besluit wat ten opsigte van onderwys in die Wes-Kaap geneem word, sal gestalte gee aan die behoefte om die gestelde uitkomst in leerderprestasie te behaal. 'n Gediversifiseerde kurrikulum sal na primêre skool aangebied word, ten einde te verseker dat leerders voorsien word van toepaslike geleenthede om hul vaardighede en kennis te ontwikkel. Daar is geen kortpad wanneer dit by die verbetering van die gehalte van onderwys in die Wes-Kaap kom nie. Slegs 'n volgehoue, gefokusde en sistematiese benadering sal verseker dat ons die gestelde mikpunte bereik.

A handwritten signature in blue ink, appearing to read 'D.G. Grant'.

Uitvoerende Gesag van die Wes-Kaap Onderwysdepartement

Amptelike Aftekening

Hierdie Jaarlikse Prestasieplan:


- is deur die bestuur van die Wes-Kaap Onderwysdepartement onder leiding van die Minister van Onderwys, Wes-Kaap ontwikkel
- is in lyn met die huidige Strategiese Plan van die Wes-Kaap Onderwysdepartement voorberei
- reflekteer akkuraat die prestasie-mikpunte wat die Wes-Kaap Onderwysdepartement sal poog om te behaal gegewe die hulpbronne wat in die begroting vir 2010/11 beskikbaar gemaak is.



LJ Ely [Hoof Finansiële Beampte]



M Harker [Hoofbeampte Verantwoordelik vir Beplanning]



PA Vinjevold [Rekeningkundige Beampte]

Goedgekeur deur:



DA Grant

[Uitvoerende Gesag]

Inhoud

Deel A: Strategiese oorsig	1
1. Omstandigheidsontleding	1
1.1 Prestasieleweringomgewing	1
1.2 Organisasieomgewing	1
1.3 Hersienings aan wetgewende en ander mandate	2
2. Oorsig van 2010/11 begroting en MTBR beramings	3
2.1 Bestedingsberamings en sektor-statistiektable	3
2.2 Rekonsiliasie van bestedingsneigings teenoor strategiese doelwitte	8
2.2.1. Strategiese verklaring	8
2.2.2. Strategiese doelwitte	8
2.2.3. Ooreenstemming van begroting en doelwitte	9
Deel B: Program- en subprogramplanne	10
3. Program 1: Administrasie	10
3.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 - 2014	10
3.2. Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	16
3.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	17
3.4 Kwartaallikse mikpunte	19
3.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	20
3.6 Prestasie- en bestedingsneigings	24
4. Program 2: Openbare gewone skole	25
4.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	25
4.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	26
4.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	26
4.4 Kwartaallikse mikpunte	27
4.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	29
4.6 Prestasie- en bestedingsneigings	40
5. Program 3: Onafhanklike skoolsubsidies	41
5.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	41
5.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	41
5.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	41
5.4 Kwartaallikse mikpunte	41
5.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	42
5.6 Prestasie- en bestedingsneigings	44

Deel B: Program- en subprogramplanne (vervolg)

6. Program 4: Openbare spesiale skoolonderwys	45
6.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	45
6.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	46
6.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	46
6.4 Kwartaallikse mikpunte	46
6.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	47
6.6 Prestasie- en bestedingsneigings	48
7. Program 5: Verdere onderwys en opleiding	49
7.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	49
7.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	50
7.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	50
7.4 Kwartaallikse mikpunte	50
7.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	51
7.6 Prestasie- en bestedingsneigings	52
8. Program 6: Onderwys en opleiding vir volwassenes	53
8.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	53
8.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	53
8.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	53
8.4 Kwartaallikse mikpunte	53
8.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	54
8.6 Prestasie- en bestedingsneigings	55
9. Program 7: Vroeëkindontwikkeling	56
9.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	56
9.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	57
9.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	57
9.4 Kwartaallikse mikpunte	57
9.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	58
9.6 Prestasie- en bestedingsneigings	59
10. Program 8: Hulp- en verwante dienste	60
10.1 Strategiese doelwitte van Strategiese Plan 2010 – 2014	60
10.2 Jaarlikse strategiese doelwitmikpunte	61
10.3 Programprestasie-aanwysers en jaarlikse mikpunte	62
10.4 Kwartaallikse mikpunte	62
10.5 Rekonsiliasie van prestasie-mikpunte met die begroting en MTBR	63
10.6 Prestasie- en bestedingsneigings	64

Deel C: Skakels met ander planne	65
11. Skakels na die langtermyn infrastruktuur- en ander kapitaalplanne	65
12. Voorwaardelike toekennings	69
13. Openbare entiteite	69
14. Openbare-private vennootskappe	69
Bylaes	
15. Nasionale programprestasiemaatreëls: Definisies	70
16. Woordelys	78

Nota: Bylae E (Tegniese Aanwysers) is beskikbaar op die Cape Gateway webblad:

<http://www.capegateway.gov.za/>

Deel A: Strategiese oorsig

1. Omstandigheidsontleiding

Die meerderheid van kinders in die Wes-Kaap bereik nie hulle akademiese potensiaal nie. Dit is hoofsaaklik toe te skryf aan:

1. Onvoldoende tyd en aandag word in die eerste drie grade van skool aan lees, skryf en berekening bestee
2. Lae vlakke van aanspreeklikheid vir prestasie by onderwysbeampies en opvoeders
3. Swak skoolbestuur en leierskap
4. Stadige reaksie en ondersteuning vanaf die onderwysdepartement
5. Die lae moraal van onderwysers
6. Onvoldoende handboeke van gehalte en ander leermateriale
7. Maatskaplike euwels soos armoede en misdaad
8. Die dalende gehalte in skoolinfrastruktuur
9. 'n Nalatenskap van onderbelegging in 'n aantal gebiede in die Wes-Kaap
10. Die druk wat deur inwaartse migrasie na die Wes-Kaap veroorsaak word

Die kombinasie van hierdie faktore het tot swak leerderprestasie gelei:

- Die Graad 12-slaagkoers is besig om te daal. In 2004 was daar 'n slaagkoers van 85%, maar dit het oor die afgelope vyf jaar na 75,1% in 2009 gedaal.
- Geletterdheid- en gesyferdheidsresultate, soos gemeet deur Graad 3 en 6 toetse, bewys dat leerders nie op die toepaslike vlakke vir hierdie grade lees, skryf en bereken nie, en dat leerondersteuning vir later grade ontbreek.
- Van die 94 784 leerders wat in 1997 in die Wes-Kaap by openbare skole ingeskryf het, het slegs 43 470 Graad 12 behaal. Van die leerders wat op skool gebly het, het slegs 33% vir toelating tot 'n B-graad gekwalifiseer.
- Die aantal onderpresterende skole (skole met minder as 'n 60% Graad 12-slaagkoers) het in die Wes-Kaap toegeneem, vanaf 36 in 2006 tot 85 aan die einde van 2009.

1.1 Prestasieleweringomgewing

Die bevolking van die Wes-Kaap het sedert die laaste sensus in 2001 gegroei, en groei steeds. Volgens die 2009 middeljaar-bevolkingsberaming wat deur Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) bekendgestel is, is die Wes-Kaap tuiste vir ongeveer 5,356 miljoen mense, wat 10,9% van Suid-Afrika se totale bevolking verteenwoordig. Die bevolking in die Wes-Kaap het die hoogste lewensverwagting by geboorte vir mans sowel as vrouens.

Armoede en misdaad het 'n ernstige invloed op leer. Die WKOD, in samewerking met ander staatsdepartemente en burgerlike samelewingsorganisasies, verskaf dus kos en ander armoedeverligtingsmaatreëls om die behoeftes van arm leerders aan te spreek. Dit is belangrik dat skole beveilig word deur fisiese veiligheidsmaatreëls, nouer samewerking met die SAPD en Metropolisie, en gemeenskapsbetrokkenheid om skole te beskerm. Daarbenewens sal die WKOD, tesame met ander staatsdepartemente en die SAPD, willekeurige inspeksies en toetse vir dwelms en wapens by skole doen.

1.2 Organisasoriese omgewing

Die departement se strategiese prioriteite moet die breër sosio-ekonomiese konteks oorweeg en in die behoeftes van sy mense voorsien. Verder moet daar beslissende aksies deur die regering geneem word ten einde doeltreffend en met mening op onbillikheid en lae vlakke van vertroue in die gehalte van onderwys te reageer. Die departement beplan dus om op responsiwiteit en doeltreffendheid te konsentreer deur te fokus op die verandering van die organisatoriese kultuur en verbetering van die departement se besigheidsprosesse en

-stelsels. Die Hoofkantoor en Distrikskantore van die WKOD sal gestruktureerd, ontwerp en toegerus wees om 'n vinnige reaksiediens en ondersteuning aan skole en onderwysers te voorsien.

Die WKOD, die grootste werkgewer in die Wes-Kaap Provinsiale Regering, bestaan uit die Provinsiale Ministerie van Onderwys, met die Minister van Onderwys van die Wes-Kaap aan die hoof daarvan, die provinsiale hoofkantoor, distrikskantore en onderwysinrigtings, insluitend openbare gewone en spesiale skole, VOO-kolleges, gemeenskapsleersentrums vir volwassenes en sentrums vir vroeëkindontwikkeling

1.3. Hersiening van wetgewende en ander mandate

Die mandate wat in die Strategiese Plan uiteengesit word, is huidige mandate.

2. Oorsig van 2010/11 begroting en MTBR beramings

2.1 Bestedingsberamings en sektor-spesifieke tabelle

ST001	Provinsiale onderwyssektor - Sleutelneigings							
	2007/08 Werklike	2008/09 Werklike	2009/10 Beraamde	2010/11 Beraamde	2011/12 Beraamde	2012/13 Beraamde		
Inkomste (R'000)*								
Gelykmakende toekenning	7,387,687	8,782,197	10,236,557	10,921,026	11,756,933	12,402,875		
Voorwaardelike toekennings	271,718	282,736	302,764	893,572	1,043,296	1,129,784		
Skenkersfondse	0	0	0	0	0	0		
Ander finansiering (Batefinansieringsreserwe)	47,000	105,000	100,800	8,219	0	0		
Eie inkomste	31,392	22,545	23,691	22,874	23,025	23,025		
Totaal	7,737,797	9,192,478	10,663,812	11,845,691	12,823,254	13,555,685		
Betalings per program (R'000)*								
1 Administrasie	361,470	393,529	435,766	488,305	516,032	548,032		
2 Openbare gewone skoolonderwys (sien verdere verdeling hieronder)	6,221,983	7,410,535	8,653,075	9,538,617	10,298,227	10,886,552		
3 Subsidies aan onafhanklike skole	39,713	44,119	55,907	59,709	63,888	68,041		
4 Openbare spesiale skoolonderwys	434,325	510,390	585,798	688,112	807,069	853,529		
5 Verdere onderwys en opleiding	317,228	367,190	362,479	446,512	474,155	497,616		
6 Basiese onderwys en opleiding vir volwassenes	25,821	26,838	30,958	32,541	34,132	36,138		
7 Vroeëkindontwikkeling	142,259	228,748	305,489	342,657	363,593	384,764		
8 Hulp- en verwante dienste	194,998	211,129	234,340	249,238	266,158	281,012		
Totaal	7,737,797	9,192,478	10,663,812	11,845,691	12,823,254	13,555,684		

ST001		Provinciale onderwyssektor - Sleutelheigings						
		2007/08	2008/09	2009/10	2010/11	2011/12	2012/13	
		Werklike	Werklike	Beraamde	Beraamde	Beraamde	Beraamde	
Betalings vir openbare gewone skoolonderwys (R'000)*								
2.1	Openbare primêre skole	3 503,102	4 085,516	4 833,915	5 414,117	5 779,041	6 122,361	
2.2	Openbare sekondêre skole	2 428,511	2 874,010	3 248,028	3 398,495	3 700,625	3 890,954	
Betalings per ekonomiese klassifikasie (R'000)*								
	Huidige betaling	6 667,613	7 908,367	9 188,768	10 224,505	11 110,164	11 717,411	
	Vergoeding van werknemers	5 904,035	7 089,690	8 186,406	9 107,962	9 794,890	10 326,479	
	- Opvoeders	5 150,845	6 262,879	6 961,059	7 672,125	8 255,308	8 703,155	
	- Nie-opvoeders	753,190	826,811	1 225,347	1 435,837	1 539,582	1 623,324	
	Goedere en dienste en ander huidige betalings	763,578	818,677	1 002,362	1 120,276	1 319,227	1 395,110	
	Oordragte en subsidies	917,516	1 077,123	1 199,052	1 367,920	1 434,780	1 584,664	
	Betalings vir kapitale bates	152,668	206,988	275,992	249,533	274,357	249,431	
	Totaal	7 737,797	9 192,478	10 663,812	11 845,691	12 823,254	13 555,684	
Doeltreffendheidsstatistiek (sektorwyd)								
Personeelvoorsiening								
	Aantal opvoeders (in openbare diens)	31 462	31 401	31 581	31 696	32 000	32 500	
	Aantal nie-opvoeders (in openbare diens)	9 112	8 750	8 600	8 790	8 810	8 830	
Inskrywing op verpligte vlak								
	Leeders ouderdom 6 tot 15 in openbare gewone skole	599 890	602 646	693 000	693 500	694 000	694 500	
	Leeders ouderdom 6 tot 15 in openbare spesiale skole	5 732	6 143	9 200	10 483	10 782	10 877	
	Leeders ouderdom 6 tot 15 in onafhanklike skole	13 370	17 046	21 000	21 500	22 000	22 000	
	Totaal	618 992	625 835	723 200	725 483	726 782	727 377	

ST001	Provinsiale onderwyssektor - Sleutelheigings					
	2007/08 Werklike	2008/09 Werklike	2009/10 Beraamde	2010/11 Beraamde	2011/12 Beraamde	2012/13 Beraamde
Inskrywing op na-verpligte vlak						
Leerders ouderdom 16 tot 18 in openbare gewone skole	192 343	189 474	183 000	190 500	191 000	191 500
Leerders ouderdom 16 tot 18 in openbare spesiale skole	6 935	7 772	6 700	7 027	7 228	7 428
Leerders ouderdom 16 tot 18 in onafhanklike skole	3 884	7 047	7 000	8 000	8 500	9 000
Studente ouderdom 16 tot 18 in VOO-kolleges	3 593	4 000	3 593	4 000	4 000	4 000
Totaal	206 755	208 293	200 293	209 527	210 728	211 428
Bevolking						
Bevolking ouderdom 6 tot 15	704 444	704 444	717 729	725 483	726 782	727 377
Bevolking ouderdom 16 tot 18	256 755	256 755	262 603	265 000	268 000	271 000
*Die 2009/10 syfer is die heriene beraming Let daarop dat Graad R of leerders ouer as 18 jaar wat in die stelsel is, nie ingesluit is nie. In 2007/08 is bevolkingsyfers vanaf 7 – 14 jaar geneem. Vanaf 2009/10 het die ouderdomstyperk verander na 6 – 15 jaar met 'n totaal van 717 729 en nie 914 227 soos gereflekteer in die JPP van 2009/10 nie. In 2007/08 is bevolkingsyfers vanaf 15 - 17 jaar geneem. Vanaf 2009/10 het die ouderdomstyperk verander na 16 – 18 jaar met 'n totaal van 262 603 en nie 268 158 soos gereflekteer in die JPP van 2009/10 nie.						

ST002	Provinsiale onderwyssektor – Ouderdom-spesifieke inskrywingskoerse (2009)						
	2.1 Openbare primêre skole	2.2 Openbare sekondêre skole	3 Onafhank- like skole	4 Openbare spesiale skole	5 VOO- kolleges (koptelling)	Bevolking	Ouderdom- spesifieke inskrivings- koers
< Ouderdom 6	11 507	144	17 203	315			
Ouderdom 6	46 631	569	4 712	235		93 705	57.6
Ouderdom 7	71 428	1 111	165	357		93 264	80.5
Ouderdom 8	75 336	1 272		540		92 755	85.4
Ouderdom 9	75 566	1 334		665		92 176	86.1
Ouderdom 10	73 603	1 332		821		91 440	84.9
Ouderdom 11	71 986	1 303		921		90 751	83.7
Ouderdom 12	75 280	1 364		1 051		90 297	88.2
Ouderdom 13	72 613	4 396		1 225		90 078	89.1
Ouderdom 14	31 814	41,825		1 539		90 096	85.4
Ouderdom 15	16 163	56 518		2 693	96	89 665	86.2
Ouderdom 16	5 614	63 096		3 051	1 087	89 078	83.8
Ouderdom 17	2 205	61 632		2 520	2 410	89 162	79.2
Ouderdom 18	756	48 342		1 346	4 382	89 918	62.2
> Ouderdom 18	309	38 817		414	33 895		
Totaal (Ouderdom 6 - 18)	618 995	284 094	4 877	16 964	7 975	1 182 385	80.9

Datakategorieë en -bronne:
1. Slegs 6-jariges in Gewone Skole ingesluit. 6-jariges in Onafhanklike Gemeenskapsentrums is uitgesluit. 2. Totale is slegs vir die ouderdomsgroep 6 – 18. 3. Bevolkingstatistiek van 2007 Algemene Huishoudelike Opname 4. Bron: Jaarlikse Skoolopname 2009 (Openbare Gewone en Onafhanklike Skole). 5. Bron: Jaarlikse Skoolopname 2009 (LSOB).

ST003	Provinsiale onderwyssektor – Hulpbronvoorsiening via die Posvoorsieningsnorme (2010)				
Programme/Doel van poste	Poste PV1	Poste PV2	Poste PV3	Poste PV4	Totaal
Topsnit van poste	3,741	214	453	16	4,424
Poste versprei deur model	20,338	4,237	1,358	1,524	27,457
Openbare gewone skoolonderwys	19,029	3,979	1,281	1,452	25,741
Openbare primêre skole	12,131	2,395	762	1,095	16,383
Openbare sekondêre fase	6,898	1,584	519	357	9,358
Openbare spesiale skoolonderwys	1,309	258	77	72	1,716
Total	24,079	4,451	1,811	1,540	31,881

365 poste op PV 5 (273 in totaal) en PV 6 (92 in totaal) is nie by bogenoemde tabel ingesluit nie.
Bron: Posvoorsieningsmodel 2010

ST004	Provinsiale onderwyssektor – Belegging in vaardigheidsontwikkeling van personeel (2009/10)							
	Prog 1 Admin	Prog 2 OGS	Prog 3 Onaf	Prog 4 Spes	Prog 5 VOO	Prog 6 VBOO	Prog 7 VKO	Totaal
Uitgawes (R 000)			-	-	-	-	-	
Kwekelinge	12,700	19,500	-	-	-	-	-	32,200
Opvoeders	8,000	20,000	-	-	-	-	-	28,000
Vaardigheidsprogramme	2,250	13,900						16,150
Opleiding in kurrikulumverandering	0	5,700	-	-	-	-	-	5,700
Ander indiensopleiding	3,750	700	-	-	-	-	-	4,450
MIV/VIGS-opleiding	-	250	-	-	-	-	-	250
Nie-opvoeders	5,120	1,803	-	-	-	-	-	6,293
<p>Let wel: Hierdie tabel reflekteer alle departementele uitgawes op die vaardigheidsontwikkeling van departementele personeel. Dit sluit die koste van opleiers in diens van die departement in. Dieselfde opvoeder mag twee keer getel word, indien 'n opvoeder byvoorbeeld kurrikulum- en MIV/VIGS-opleiding in die betrokke jaar gehad het. Die waardes in die lyn 'Opvoeders' reflekteer egter nie die dubbele telling van opvoeders nie.</p>								

Bron: Programbestuurder, WKOD

2.2 Rekonsiliasie van bestedingsneigings teenoor strategiese doelwitte

2.2.1 Strategiese verklaring

Strategiese verklaring
Om te verseker dat geletterdheid- en gesyferheidsuitkomstte verbeter deur maksimum hulpbronne (menslike sowel as finansiële) aan die eerste drie jaar van skoolgaan beskikbaar te stel. Dit sal gepaardgaan met universele en verpligte toetsing van leerders vanaf Graad 1 tot 6 vanaf 2010. Maatstawwe en teikens sal by elke skool gestel word.
Om uitstekende bestuur van skole te verseker met beamptes, skoolhoofde en onderwysers wat aanspreeklik gehou word vir hul rol in die verbetering van individuele skoolprestasie.
Om die responsiwiteit en doeltreffendheid van die WKOD te verbeter deur te fokus op die verbetering van die departement se besigheidsprosesse en -stelsels.
Om die administratiewe werkslading van onderwysers te verlig sodat meer tyd aan onderrig bestee kan word. Onderwysers sal betyds van handboeke voorsien word en die geleentheid kry om voortdurend professionele ontwikkeling en opleiding te ondergaan.
Om te verseker dat elke klaskamer teksryk is met leesboeke vir elke Graad 1-6 klaskamer en handboeke vir elke vak in Graad 4-12, en dat daar van meer tegnologie gebruik gemaak word om 'n kurrikulum van gehalte in die klaskamer te voorsien.
Om geteikende voedings- en ander armoedeverliggende en veiligheidsmaatreëls te voorsien ten einde die behoeftes van arm leerders aan te spreek.
Om 'n lys van prioriteite vir infrastruktuuronderhoud te ontwikkel en die mees koste-effektiewe en doeltreffende maatreëls vir die onderhoud van skole toe te pas.
Om menslike en finansiële hulpbronne aan te wend in distrikte en skole waarin daar histories onderbelê is.
Om te beplan om die inwaartse migrasie na die Wes-Kaap te bestuur en navorsingsneigings te gebruik om te verseker dat skole en onderwysers beskikbaar is om onderwys van gehalte aan die kinders wat die provinsie binnekom, te bied.
Om geteikende bestuursopleiding en in-skoolondersteuning aan alle lede van skoolbestuur en skoolbeheerliggame te voorsien.

2.2.2. Strategiese Doelwitte:

Strategiese Doelwit 1	Verbeterde prestasie in Geletterdheid en Gesyferdheid
Doelwitstelling	Geletterdheid en Gesyferdheid moet in so 'n mate verander dat: 75% van leerders in Graad 3 teen 2014 volgens ouderdomsnorme in Geletterdheid presteer en 60% volgens ouderdomsnorme in Gesyferdheid presteer. 65% van leerders in Graad 6 teen 2014 volgens ouderdomsnorme in Geletterdheid presteer en 50% volgens ouderdomsnorme in Gesyferdheid presteer. 65% van leerders in Graad 9 teen 2014 volgens ouderdomsnorme in Taal presteer en 55% volgens ouderdomsnorme in Gesyferdheid presteer.
Regverdiging	Huidiglik presteer 53.5% van Graad 3 leerders op ouderdoms-/graadnorm vir Geletterdheid en 35% vir Gesyferdheid, en 44.8% van Graad 6 leerders presteer op ouderdoms-/graadnorm vir Geletterdheid en 14% vir Gesyferdheid. Hierdie onaanvaarbare toedrag van sake het duidelik 'n kettingreaksie in die hoër grade.
Skakels	Die nasionale Grondslagte vir Leerprogram; biblioteke, die media; die Departemente van Gesondheid, Maatskaplike Ontwikkeling; plaaslike regering; Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (familiegeletterdheid en oueropleiding) het almal die potensiaal om hierdie doel te ondersteun. Skole moet veilig wees en voldoende hulpbronne hê (infrastruktuur asook materiale/toerusting). Onderwysers moet toegerus wees om goeie onderrig te gee. Die dissiplines van tyd en klaskamer- en kurrikulumbedrewenheid sal maksimum prestasie aandryf. Hoër Onderwysinrigtings sal deskundige navorsing voorsien en opleiding ondersteun. Daar sal aan die leerbehoefte van alle leerders voldoen word en beide Engels en ander huistale sal sterk ontwikkel word.

Strategiese Doelwit 2	Verbetering in Nasionale Senior Sertifikaat-resultate
Doelwitstelling	Onderwyseropleiding- en ondersteuningsprogramme, bestuursopleiding en -ondersteuning, fasiliteite en hulpbronne moet verbeter sodat skole in staat gestel word om die prestasie van hul leerders in alle vakke en veral ten opsigte van Wiskunde en Fisiese Wetenskap te verseker. Die mikpunte vir 2014 is 'n NSS-slaagkoers van 84% met 43 000 leerders wat slaag en 37% wat toegang tot B-grade behaal. Aantal leerders: 17 500 wat slaag, waarvan 17 000 Wiskunde slaag en 13 500 Fisiese Wetenskap slaag.
Regverdiging	In 2009 is die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen (NSS) deur 44 931 leerders in 417 eksamensentrums geskryf. Die Wes-Kaap het die hoogste slaagkoers van 75.1% gehandhaaf. Daar was egter 'n afname van 3% in vergeleke met die slaagkoers van 78.6% wat in 2008 in die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen behaal is. 'n Totaal van 19 210 kandidate het in 2009 Wiskunde geskryf, en 'n totaal van 13 349 kandidate het Fisiese Wetenskap geskryf. Hiervan het 12 467 kandidate Wiskunde geslaag, en 7 064 kandidate het Fisiese Wetenskap geslaag.
Skakels	Aandag aan hierdie doelwit behels aandag aan onderrig en leer in alle grade en nie net op Graad 12-vlak nie. Vakinhoudskursusse en skoolgebaseerde ondersteuning sal aangebied word. Handboeke, bestuur, onderrig en die tyd wat aan leer bestee word, is deurslaggewend om NSS-resultate te verbeter.

Strategiese Doelwit 3	Vermindering in die aantal onderpresterende hoërskole
Doelwitstelling	Eliminasie van onderprestasie in die Nasionale Senior Sertifikaat in hoërskole, d.w.s. geen skole met 'n slaagkoers van <60% nie.
Regverdiging	Die aantal skole wat in hierdie groep val het van 34 in 2004 toeneem tot 85 in 2009. Ons kan nie toelaat dat hierdie situasie voortduur nie.
Skakels	Ondersteuning kan deur afgetrede onderwysers of deskundige of sleutelonderwysers gegee word. Transversele skakels met ander staatsdepartemente sal ondersteuning vir anti-dwelm- en ander middelmisbruikinisiatiewe insluit. Biblioteke en huise sonder elektrisiteit het aandag nodig.

2.2.3 Ooreenstemming van begroting en doelwitte

Die begroting is daarop gemik om samehangende en saamlopende aksies te dryf ter ondersteuning van die doelwitte hierbo gelys, wat die verpersoonliking van hierdie departement se strategiese verklaring is.

Deel B: Program- en subprogramplanne

3. Program 1: Administrasie

Doelwit: Om oorhoofse bestuur van en ondersteuning vir die onderwysstelsel ingevolge die Nasionale Onderwysbeleidswet, Wet op Openbare Finansiële Bestuur en ander toepaslike beleide te voorsien.

Ontleding per subprogram:

Subprogram 1.1: Kantoor van die LUR

om in die funksionering van die kantoor van die Lid van die Uitvoerende Raad (LUR) vir onderwys te voorsien

Subprogram 1.2: Korporatiewe Dienste

om bestuursdienste, wat nie onderwysspesifiek is nie, te voorsien sodat die onderwysstelsel beperkte voorsiening vir en instandhouding van akkommodasiebehoefte kan bewerkstellig

Subprogram 1.3: Onderwysbestuur

om onderwysbestuursdienste vir die onderwysstelsel te voorsien

Subprogram 1.4: Menslike Hulpbronontwikkeling

om menslike hulpbronontwikkeling vir kantoorgebaseerde personeel te voorsien

Subprogram 1.5: Onderwysbestuursinligtingstelsel (OBIS)

om onderwysbestuursinligting ingevolge die Nasionale Onderwysinligtingsbeleid te voorsien

3.1 Strategiese Doelwitte soos vervat in die WKOD Strategiese Plan 2010 – 2014

Strategiese Doelwit 1.1	Om finansiële bestuurs- en voorsieningkettingsbestuursdienste te verseker
Doelwitstelling	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om finansiële bestuursondersteuning en adviserende dienste te lewer sodat finansiële jaarstate van gehalte gestaaft word deur ouditbare dokumentasie en in ooreenstemming met Nasionale Tesourieriglyne is. 2. Om voorsieningkettingsbestuursdienste te lewer sodat die hoeveelheid afwykings ten opsigte van wetgewende voorskrifte (insluitend vereiste bepalings vir begrotings-/verkyngingsbeheer) verminder na toepaslike nakomingsvlakke.
Basislyn	<ol style="list-style-type: none"> 1. Ongekwalfiseerde ouditverslag 2. 28 nakomingsafwykings
Strategiese Doelwit 1.2	Om interne menslike kapitaalbestuur te verseker deur die bestuur van diensvoorwaardes, aanstellings en arbeidsverhoudinge
Doelwitstelling	<ol style="list-style-type: none"> 1. Om te verseker dat alle skole permanent-aangestelde onderwysers het deur die publikasie van vyf vakaturelyste per jaar en dat poste binne drie maande na advertering gevul word. 2. Om te verseker dat all skoolhoofde kennis dra van hul diensstate en hul skoolstrukture, verlofprosesse en arbeidsverhoudingspraktyke bestuur. Alle skole moet voor die einde van Oktober hul toegekende diensstaat vir elke jaar hê en verseker dat alle vakante poste by die WKOD geregistreer is vir advertering ingevolge die nasionale en provinsiale riglyne. 3. Om te verseker dat ondersteuningspersoneel in lyn met die norme en standarde toegewys word om skole by te staan met die proses om poste binne drie maande na advertering te vul. 4. Om te verseker dat prestasie-assessering van alle Staatsdienspersoneel jaarliks voltooi word. 5. Om alle bestuurders in skole op te lei oor griewe- en dissiplinêre prosedures en bystand te verleen met professionele ondersteuning om dit te bestuur.
Basislyn	Alle werknemers (opvoeders en staatsamptenare) ontvang voordele in lyn met toepaslike Wette binne 'n maand van diensaanvaarding. Daar word aanvaar dat skole oor 'n diensstaat beskik wat gevul is met permanente onderwysers. Vakatures word twee keer per jaar geadverteer en prestasie-assessering word uitgevoer. Skoolbestuurspanne is in staat om wangedrag/swak prestasie en griewe met wisselende grade van bevoegdheid te hanteer.

Strategiese Doelwit 1.3	Om die geletterdheid- en gesyferdheidstrategie te konsolideer om lae vlakke van prestasie in geletterdheid en gesyferdheid in primêre skole om te keer en die implementering van die Nasionale Kurrikulumverklaring in Grade R tot 9 te versterk
Doelwitstelling	<p>1.1 Sistemiese onderwyserondersteuning en -ontwikkeling in inhoud en metodologie vir Gesyferdheid en Geletterdheid deur 'n langtermyn, skoolgebaseerde ingrypingsmodel vir alle skole, uitgerol in fases tot 2016</p> <p>1.2 Voorsien leer- en onderrigsteunmateriale om Geletterdheid en Gesyferdheid te versterk</p> <p>1.3 Vestig 'n wydverspreide databasis en navorsingsagenda</p> <p>1.4 Voorsien familie- en gemeenskapsprogramme in Geletterdheid en Gesyferdheid</p> <p>1.5 Verseker dat bestuurders bevoeg is om die NKV doeltreffend te implementeer</p> <p>1.6 Bevorder die gehalte van assesseringspraktyke in klaskamers</p> <p>1.7 Verseker die implementering van Inklusiewe Onderwys in die kurrikulum</p> <p>1.8 Gehalteversekering van onderrig-, leer- en assesseringsprosesse</p> <p>1.9 Implementeer 'n doeltreffende moniterings- en ondersteuningstelsel vir kurrikulumimplementering</p> <p>1.10 Doeltreffende vermindering van die uitsakkoers en verhoging van die retensiekoers</p>
Basislyn	<p>1.1 Die provinsiale Geletterdheid- en Gesyferdheidstrategie (2006) dek onderwyserontwikkeling, navorsing, aandag aan die ontwikkeling van beide huistaal en die taal van leer en onderrig, familiegeletterdheid en hulpbronne.</p> <p>1.2 'n Langtermyn, skoolgebaseerde ingryping is vanaf 2008 tot 2016 beplan. Tot op hede:</p> <ul style="list-style-type: none"> • het alle Kurrikulumadviseurs en Leerondersteuningsadviseurs opleiding in Wiskunde en Tale ontvang • is 125 skole gekies vir 'n Gesyferdheidsingryping en 'n volgehoue opleidings- en ondersteuningsprogram vir die onderwysers het 'n aanvang geneem • is 125 skole gekies vir 'n Geletterdheidsingryping en 'n volgehoue opleidings- en ondersteuningsprogram vir die onderwysers het 'n aanvang geneem <p>1.3 In 2009 het alle Graad 1 tot 6 onderwysers werkskedules en onderwyserhandleidings in Gesyferdheid/Wiskunde en Tale ontvang, wat kurrikulumdekking verseker, die pas vir implementering aanwys, 'n assesseringsplan voorsien en idees gee vir onderrig.</p> <p>1.3.1 Grade 7 tot 9 werkskedules is vir 2010 ontwikkel.</p> <p>1.4 Graad R werkskedules is in 2006 voorsien en kurrikulumadviseurs is opgelei.</p> <p>1.4.1 Graad R werkskedules is vir 2010 ontwikkel, tesame met oriënteringswerkinkwinkels vir Departementshoofde en beamptes.</p> <p>1.5 Familiegeletterdheids- en gesyferdheidsprogramme is in 28 skole as 'n loodsprogram deur onderwysassistente geïmplementeer.</p> <p>1.6 Halfjaarlikse diagnostiese toetsing van alle Graad 3 en Graad 6 leerders vind sedert 2002 plaas. Prestasievlakke is soos volg: Graad 3 (2008): Geletterdheid 54%; Gesyferdheid 35%; Graad 6 (2007): Geletterdheid 44.8%; Gesyferdheid 14%.</p> <p>In 2009 is 64 skole vir onderrig en leer geëvalueer en 'n basislyn vir die Geletterdheid-en Gesyferdheidsingryping is gevestig.</p> <p>1.7 'n Algemene provinsiale instrument is ontwikkel om die implementering van Geletterdheid en Gesyferdheid te monitor. 'n Basislynassesseringsprogram is vir Graad 1 onderwysers ontwikkel. 100 amptenare is opgelei om Geletterdheid- en Gesyferdheidspraktyk te monitor.</p> <p>1.8 Gepaste stelsels en strukture in plek om Geletterdheid- en Gesyferdheidsinisiatiewe te dryf.</p>
Basislyn	<p>1.9 Elke skool het 'n Wiskunde-, Wetenskap- en Tegnologiesetel vir die Grondslag-fase en vir die Intermediêre Fase ontvang. Elke onderwyser (Grade 1 tot 6) het 'n <i>Mental Maths</i> boek ontvang. Intermediêre Fase-onderwysers het 'n itembank van Wiskunde-assesseringstake ontvang. Elke Intermediêre Fasespan het 'n stel van 60 muurkaarte ontvang. 250 skole het lees-skemas (Grade 1 tot 3) en lesers (Grade 4 tot 6) ontvang. Alle Intermediêre Faseskole het 'n Leesingrypingsprogram ontvang. 342 skole het Graad R Geletterdheid- en Gesyferdheidstelle ontvang.</p> <p>1.10 Onderwysers is van kurrikuluminhoud en -opleiding voorsien om doeltreffend te onderrig.</p> <p>1.11 Kurrikulumadviseurs en onderwysers is in die Nasionale Assesseringsbeleid opgelei om onderrig en leer te versterk.</p> <p>1.12 Hulpbronmateriale is ontwikkel om onderwysers te ondersteun om leerders met leerstruikelblokke te identifiseer en by te staan.</p> <p>1.13 Kurrikulumadviseurs het opleiding en instrumente ontvang om die implementering van die NKV te monitor.</p> <p>1.14 Halfjaarlikse diagnostiese toetse voorsien aanwysers van prestasie.</p>

Strategiese Doelwit 1.4	Om te verseker dat die nodige kurrikulumbestuur- en ontwikkelingsvaardig-hede toene- mend aan onderwysers in Grade 10 – 12 voorsien word en dat skole optimale besluite oor kurrikulumaanbieding neem
Doelwitstelling	Deur die voorsiening van leermateriale en -toerusting, opleidings- en magtigingsbe- leide en deur direkte betrokkenheid by skole, sal die WKOD bydra tot die opbouing van onderwysers se ken- nis en vaardighede om te verseker dat die akademiese eise van die kurrikulum gedek word, akademiese lewering volgehou word en dat onder- steuning bestuur word ten einde akademiese prestasie te verbeter.
Basislyn	Die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen is in 2009 deur 44 931 leerders geskryf. Die Wes- Kaap het die hoogste slaagkoers van 75.71% gehandhaaf. Daar was egter 'n afname van 2.96% vergeleke met die slaagkoers van 78.67% wat in 2008 behaal is. 'n Totaal van 14 324 (31.88%) kandidate het die NSS met toegang tot 'n B-graad behaal, terwyl 6 988 kandidate die NSS met toegang tot 'n Hoër Sertifikaat behaal het, en 12 677 kandidate die NSS met toegang tot 'n Diploma behaal het. In terme van die gehalte van slaging, was daar 'n vermindering van 1.16% leerders met B-graad toelating vanaf 2008 tot 2009. 'n Totaal van 19 210 kandidate het in 2009 Wiskunde geskryf, en 'n totaal van 13 349 kandidate het Fisiese Wetenskap geskryf. 68.4% van die kandidate het Wiskunde geslaag en 52.9% van die kandidate het Fisiese Wetenskap geslaag.
Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skool- biblioteekdienste te implementeer ter versekering dat alle administra-teurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKTe optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ter bevordering van onderrig, leer en administrasie, en om die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verse- ker ter ondersteuning van geletterdheid- en gesyferdheidsontwikkeling asook hulpbron- gebaseerde onderrig en leer.
Doelwitstelling	<p><i>Beleidsontwikkeling</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ontwikkel en implementeer beleide ten opsigte van die opvoedkundige aanwending van inligting- en kommunikasietegnologieë (IKTe). 2. Ontwikkel en implementeer beleide ten opsigte van Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste. <p><i>Professionele Ontwikkeling</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 3. Professionele IKT-ontwikkeling, wat persoonlike en aanlyn-opleidingsessies op alle vlakke van toetrede, aanname, aanpassing, aanwending en innovasie vir alle onderwysers, kurrikulumbepanners en kurrikulumadviseurs behels. 4. Lewer voorspraak en ondersteuning vir die implementering van die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste, deur aanbiedings aan onderwysbestuursgroepe te doen wanneer hierdie dokument gefinaliseer en amptelik is. 5. Addisionele professionele ontwikkeling vir onderwysers in beheer van GVOO-OP skoolbiblioteke wat nog nie opleidingskursusse bygewoon het nie. <p><i>Toegang tot IKT en Biblioteekhulpbronne</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 6. Toegang tot IKT-infrastruktuur en -stelsels in alle skole van die WKOD. 7. Toegang tot digitale, elektroniese, oudiovisuele en gedrukte inligting by die EDULIS- biblioteek, sy takke en distrikhulpbronsentrums vir beamptes, onderwysers en leerders van die WKOD. <p><i>Hulpbronne en e-Inhoud</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 8. Toegang tot digitale inhoud vir leerders, onderwysers en kantoorgebaseerde personeel. Toegang vir alle skole tot 'n lys van aanbevole programmatuur wat aan kurrikulum- en tegniese evaluering op die "CMS" onderwerp is. 9. Ontwikkel 'n kader van digitale inhoudsontwerpers en -ontwikkelaars uit praktiserende onderwysers en kurrikulumadviseurs. 10. Onderskryf toepaslike e-hulpbronne. <p><i>Gemeenskapsbetrokkenheid</i></p> <ol style="list-style-type: none"> 11. Bevorder gemeenskapsdeelname deur skole met IKT-infrastruktuur en biblioteke/hulpbronsentrums aan te moedig om hulle skole en lokale oop te stel aan hul gemeenskappe ten einde inklusiewe en lewenslange leer te bevorder, en aldus as e- Leer/inligtingsmiddelpunte te funksioneer.

Strategiese Doelwit 1.5	Om die Witskrif oor e-Onderwys (Witskrif 7) en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste te implementeer ter versekering dat alle administrateurs, bestuurders, onderwysers en leerders in die Wes-Kaap in staat gestel word om IKTe optimaal, met vertroue en kreatief te gebruik ter bevordering van onderrig, leer en administrasie, en om die toenemende ontwikkeling van funksionele distrik- en skoolbiblioteekdienste te verseker ter ondersteuning van geletterdheid- en gesyferdheidsontwikkeling asook hulpbrongebaseerde onderrig en leer.
Doelwitstelling	<p><i>Navorsing en Ontwikkeling</i></p> <p>12. Doen mee aan navorsing en ontwikkeling ten einde huidige praktyke te assesser, en ondersoek, toets, eksperimenteer met en loods nuwe tegnologieë, metodologieë en tegnieke om gestalte te gee aan besluite rakende die toepassing en gebruik daarvan ter bevordering van leer, onderrig en administrasie van gehalte.</p> <p>13. Onderzoek beste biblioteekpraktyke en inligingstegnologieë ter ondersteuning van onderwysnavorsing, beleidsformulering en onderwysleer.</p> <p><i>Konnektiwiteit</i></p> <p>14. Verseker konnektiwiteit sodat skole toegang tot stelsels en hulpbronne vir onderrig- en leerdoeleindes het.</p>
Basislyn	<p><i>Beleidsontwikkeling</i></p> <p>1. 'n Provinsiale riglyn bestaan vir e-Leer, afgelei van die e-Onderwys Witskrif. Die Riglyn vir Onderwyseropleiding en Professionele Ontwikkeling in IKT is geïmplementeer.</p> <p>2. Die Konsep Nasionale Skoolbiblioteekbeleid en die Konsep Nasionale Riglyne vir Skoolbiblioteekdienste is vir gebruik op provinsiale vlak aangepas.</p> <p><i>Professionele Ontwikkeling</i></p> <p>3. IKT professionele ontwikkeling: toetreevlakopleiding word aangebied vir alle personeel waar 'n rekenaarlaboratorium spesifiek vir die geïnstalleerde programmatuur opgestel is. Huidige getalle staan op 24 417 opgeleide onderwysers. Daarbenewens het ongeveer 5 000 onderwysers opleidingskursusse bygewoon.</p> <p>4. Professionele ontwikkeling by die EDULIS-biblioteek en Distrikshulpbronsentrums vind op 'n deurlopende ad hoc basis plaas. Hoofkantoor- en distrikskantoorbeamptes word opgelei om toegang tot e-joernale en e-boeke te kry.</p> <p><i>Toegang tot IKT en Biblioteekhulpbronne</i></p> <p>5. Toegang tot IKT-infrastruktuur en -stelsels: tot op hede is rekenaarfasieliteit aan 1 102 skole deur die Khanya-projek voorsien. Alle hoërskole het ten minste een rekenaarfasieliteit. Ongekoppelde toegangspunte vir digitale inhoud was teen November 2009 in 5 Onderwysdistrikte voorsien. 'n Kurrikulum-webblad is in plek. Die Leerbestuurstelsel (LBS) is 'n loodsinstallasie en die finale implementering sal gedurende 2010 plaasvind.</p> <p>6. Die EDULIS-biblioteek, sy takke en distrikshulpbronsentrums, asook 2 van die 5 mobiele biblioteke, voorsien 'n aanlyn-sirkulasiediens via die EDUPALS outomatiese biblioteekstelsel wat in 2010 deur die Brocade-stelsel vervang sal word. Die EDULIS-webblad is gekoppel aan die kurrikulum-, IHCD- en beleidontwikkelingswebblaaie ten einde aan kliënte toegang tot inligingshulpbronne te gee.</p> <p><i>Hulpbronne en e-Inhoud</i></p> <p>7. e-Inhoud: 'n Aanbevole lys van geëvalueerde opvoedkundige programmatuur is op die Kurrikulumwebblad beskikbaar en word kwartaalliks opgedateer. 'n Stelsel is in plek vir die kurrikulêre en tegniese evaluering van opvoedkundige programmatuur wat aan die WKOD voorgelê word. Personeel by Hoofkantoor se Subdirekoraat: e-Leer het begin met 'n proses om leervoorwerpe en digitale leerhulpbronne te versamel.</p> <p>8. Die EDULIS-biblioteek, sy takke en distrikshulpbronsentrums stel 'n wye reeks e-inhoud via e-joernale, e-boeke, CD-ROMs en CDs beskikbaar. Die lewering van 'n doeltreffende, moderne biblioteek- en inligingsdiens hang grootliks van sosiale netwerkinstrumente af.</p> <p><i>Navorsing & Ontwikkeling</i></p> <p>9. Navorsing en ontwikkeling: webinars, sosiale netwerkinstrumente en mobiele tegnologieë word getoets (toetse is reeds op die ontwerp van die CMS gedoen).</p> <p><i>Konnektiwiteit</i></p> <p>10. Konnektiwiteit is verskriklik stadig. Baie skole gebruik skakelmodems en sommige gebruik ADSL. Daar is skole wat nie toegang tot die internet het nie.</p> <p>11. 30% van WKOD-skole het skoolbiblioteke, maar nie almal van hulle is funksioneel nie. Min onderwysers is opgelei in die administrasie van 'n skoolbiblioteek.</p>

Strategiese doelwit 1.6	Om die beleidsontwikkeling- en wetgewende proses in die WKOD, in konsultasie met alle toepaslike belanghebbendes, te koördineer ten einde doeltreffende dienslewering te verseker
